# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XII. Donderdag 16 Mei 1957. No. 6.


# U. O. V. S. EN PUK. SLAAGS

## PUK HET ALREEDS MORELE OORWINNING BEHAAL.

Saterdag spring die PUK. en U.O.V.S. vir die soveelste keer aanmekaar. Onder die Pukke loop die entoesiasme so hoog soos in geen jare nie—hoofsaaklik weens die feit dat tot op hierdie stadium (Maandag) nie minder as tien Kovsies in die hande van die Pukke verval het en op die oomblik knaend besig is om Balaclavapette of iets dergeliks te koop ten einde die geniepsige winterluggie van die onttooide kopvelle te probeer weghou. Om die kroon te span, verkeer ook die onder-dirigent, Jan Booyens, veilig in hul midde. Die inisiatief wat aan die dag gelê is om hom hier te kry, dien as inspirasie tot steeds groter dade.

Die Oukies is vasberade om die neerlae wat in 1955 en 1956 gely is, te wreek. Die Pukke is nie van plan om die swaarverworwe kroon prys te gee nie, en die tande is lankal vir die Kat geslyp. Die vooruitsigte vir Intervarsity skyn dus so rooskleurig moontlik te wees: 'n harde, taai stryd, maar soos uit die boodskappe wat hierna volg gesien kan word, eerstens 'n skoon stryd.

## *Aan alle Katte en Kattinne.*

Normale mense—en studente—wil steeds goeie geselskap in hulle midde hê. En daarom waardeer ons die voorreg—wat aan ons deur quasi-ontvoerders en ander dergelike ambisieuse skepsele uit die suide gegun is—om reeds in die afgelope dae Outjies ter plaatse te kon trakteer.

Dit was 'n voorreg: nie alleen vanweë die wyse waarop ons gaste selfs die paar onvermydelike ongeriefies deurstaan het nie, maar veral omdat U.O.V.S. en die P.U. vir C.H.O. van al ons Suid-Afrikaanse universiteite sekerlik die naaste aan mekaar staan. Trouens, dit het die onmiddellike verlede weereens bewys. Want as die grondslag en strewe na aan mekaar staan, is die vergestalting daarvan dikwels 'n eenheid.

Die beoefening van dit wat gewoonlik sport genoem word, is tans deeglik onder die vergrootglas. In hierdie verband druk die las nog swaar op die studente van die P.U. vir C.H.O. By bespiegeling en bepeinsing kan en mag dit egter nie bly nie. Die voorbeeld moet deur die daad daargestel word.

Laat 17 en 18 Mei dit vir ons bied.

Laat ware sportmanskap hoogty vier.

Laat intervarsity ontspanning bring in die ware sin van die woord: skoon en edel en tog—of liewers, veral—met doelgerigtheid en vasberadenheid.

**En laat hy of sy wat nie so geneë is nie, maar die onfatsoenlike in hom opkrop om dit op die sportveld vryelik te laat uitbars, liewers tuisbly. Want so iemand is net so min 'n sportman as 'n student.**


Outjies en Pukke ken mekaar egter anders. Die gees is wedersyds inherent kerngesond. En daarom dan 'n **hartlike uitnodiging** aan alle ware Kovsies: laat ons die bande nog stewiger knoop. Ons deure staan oop vir julle.

Mag die samesyn hartlik en aangenaam wees. Mag die beste span wen en die verloorder die eerste wees om 'n hartlike gelukwensing uit te spreek.

Tjaart van der Walt.
(S.R.-voorsitter.)


SIEN AGTERBLAD.

Cassawali se hipergaatjies Raai Raai! vir hiper—intelligentes!

Jan Grobler, V.S.R.-voors., U.O.V.S.

## S.R.-Voorsitter van U.O.V.S. SÊ:

Weereens Intervarsity teen Pukke en voorwaar sommer 'n groot geleentheid. Trouens, ons Kovsies sien dit as die grootste dag van die jaar, want eerstens dra dit die belofte van nog 'n titaniese worsteling om baasskap op die rugbyveld. Laat ons hoop dat hierdie kragmeting in die tradisionele en kenmerkende goeie gees sal plaasvind.

Tweedens en miskien die belangrikste is die feit dat Intervarsity die Pukke en Kovsies weereens in staat stel om vrylik vriendskapsbande aan te knoop en te hernu. Ek ag dit belangrik omdat Pukke en U.V. so baie in gemeen het en dat stimulerende kontak van tyd tot tyd baie daartoe kan bydra om hierdie geestesbande op dinamiese wyse te versterk. As Afrikaanse inrigtings is dit trouens ons plig om van Intervarsity gebruik te maak om ons verder te inspireer tot die ideaal van Afrikaner-eenheid.

Intervarsity tussen die Pukke en Kovsies bied dan ook 'n milieu waarin studentegees tot nuwe hoogtes gevoer word.

Vir die vooreg om vanjaar julle gas te wees, Pukke, sê ek baie dankie!

Jan Grobler.
(V.S.R.-voorsitter)

## W. J. SPAVINS & SEUN

vir alle

*Elektriese Benodighede*

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 101 — Potchefstroom.

Telefoon 185.

## DAMES!!

Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie redelike pryse.

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe WINTERVOORRAAD

**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

POTCHEFSTROOM

## MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

•

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

## S.A.N.L.A.M.

Word verteenwoordig deur

MNR. VENTER,

Tomstraat 63 — Telefoon 1247,

POTCHEFSTROOM

Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

## T. X. Modiste

Kerkstraat 154 Telefoon 1295

Waar al die modebewuste dames koop.

PUKKIES!!

SPAAR JULLE ENERGIE VIR GROTER DINGE

BESOEK:

## KOLLEGE ONTSPANNINGSWINKEL

O
N
T
A
N
T
W
I
N
K
E
L

PUKKIES!!

ONS SPESIALISEER IN:

- Skoonheidsmiddels
- Skryfbehoeftes en
- Studentebenodighede.
- HORLOSIES.
- NAALDWERK

Vir alle Studente-benodighede

Hierdie is die winkel waarna julle al jarelank smag.

H/v Tom- en von Wiellighstrate.

## Central News Agency Ltd.

CNA

Ons Voorsien in alle Universiteitsboeke, skryfbehoeftes, Plaaslike en Oorsese Tydskrifte en Koerante.

Kerkstraat 139, — Telefoon 114

POTCHEFSTROOM

## CORNER FRUIT STORE

★

„U KEN ONS!!"

## INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

- Wynsoorte

en

- Spiritualieë

## PRESIDENT CAFE

and

## GRAND CAFE

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS

and

- COOLDRINKS

## LOOCK & KEENEY

Kleremakers

Calderbanksgebou,

Kerkstraat 150 — Telefoon 855.

POTCHEFSTROOM.

Drink **S & S** en Geniet

DIE BESTE

**SUPER ORANGE**

**TING-A-LING**

**PEP-A-DILLA**

**TOP HAT**

SHERR & SHAKINOVSKY

POTCH. MINERAL WATER FACTORY

Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

## MOOIRIVIER-APTEEK

Kerkstraat 205,

POTCHEFSTROOM

Telefoon 380

**Die Apteek vir Diens!!**

**Studente . . . !!**

vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!

## POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL

Kerkstraat 126 — Telefoon 497

## UNIE BAKKERYE

Posbus 244 — Foon 167 en 1086.

BROOD, KOEK en PASTEITJIES.

Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede

TROU, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.

Kerkstraat 60, Potchefstroom.

Spoorwegstraat, Klerksdorp.

Die Wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
Donderdag 16 Mei 1957.

# Plant of Student?

Geensins wil ek hiermee die ewolusieteorie onderskryf nie, maar tog sien ek baie trekke van ooreenkoms tussen die planteryk en die mens. Die mens kan sekerlik baie van die plant leer, selfs wat sy gedrag betref. Maar wat vir my hier die belangrikste is en waarop eintlik afgestuur word, is: die aangepastheid by omgewing en omstandighede. Het u al opgemerk hoe die plant aangepas is by die omstandighede waarin hy moet ontkiem en groei? Geen plant wat van nat, klam weer hou sal 'n sukses wees in die droë woestyndele nie. Baie gou nadat hy ontkiem het sal hy besef dat hy nie hier kan aard nie en sal die kroontjie stadig afwaarts buig, nader na die aarde en nader aan die dood want . . . . . die plant kan alleen leef in die sfeer waarin hy aangepas is.

Maar ook die mens het sy samelewingskringe waarin hy hom moet aanpas. Ja, MOET aanpas, want hierin verskil die mens van die plant dat hy hom kan aanpas. Die mens is nie gebonde aan een sfeer nie.

Die studentelewe is een van hierdie samelewingskringe met sy unieke eieaard. Hoe dikwels hoor ons nie die onderskeid tussen **studente** en **mense** nie? Wel so erg is dit miskien nie, maar tog moet die student, om waarlik student te kan wees, hom heeltemal aanpas by 'n nuwe lewe, 'n nuwe lewenskring.

Baie sterk kom ons in hierdie tyd van die jaar onder die besef van STUDENT-wees. Tipiese studente-aktiwiteite vind nou plaas: ons dink aan Vreugdedag wat reeds agter die rug is en dan veral die Intervarsity-gees waarin ons op die oomblik leef. Nou veral kan elke indiwidu wat hom-/haarself as 'n volwaardige student beskou, bewys lewer of hy/sy aangepas is by hierdie nuwe lewenskring, en 'n waardige draer van die studentegees is. Studentegees is een met student-wees en ons kan voorwaar daarop trots wees. Met sy goeie eienskappe het die gees reeds ingang gevind in die harte van baie van die publiek en het 'n student die simbool van goeie gees geword.

Dit is seker nie nodig om te vra of u graag aangepas by hierdie nuwe lewenskring, wat u pas na u matriekjaar betree het, wil wees nie? Daarvoor het u mos immers hierheen gekom! Veel meer geregverdig is die vraag: Is u reeds daarby aangepas? Gaan u hierdie intervarsity bewys daarvan lewer? . . . . u wat op die sportveld gaan presteer en u wat op die pawiljoene op egte studentewyse u ALMA MATER oor die doellyn gaan skree?

Gaan ons weereens aan die publiek en aan onsself wys, deur skoon spel en skoon grappe en bowenal deur 'n GOEIE GEES dat ons nog studente is en aangepas is by tradisies van 'n hoë standaard? Of gaan ons, indien nie almal nie, dan sommiges, bewys lewer dat hulle nie veel verder as die plant gevorder het nie en stadig die hoof grondwaarts buig?

Laat ons dan môre en Saterdag poog om waarlik STUDENT te wees! Laat elke individuele student ook daarna streef om volkome aan te pas en nie om die studentelewe by hom te laat aanpas nie, want dit behoort ons trots te wees om te staan onder die leuse „In U Lig."

Beywer u dus daarvoor en die intervarsity van Saterdag en die res van u studentelewe sal 'n sukses wees waarna u met trots sal kan terugkyk.

Andries Myburg.

## Oordenking

# INTERVARSITY EN GELOOF

Ek het die goeie stry gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.

Verder is vir my weggelê die kroon van geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie alleen aan my nie, maar ook aan die almal wat sy verskyning liefgehad het.

2 Tim. 4:7, 8.

Hierdie naweek is intervarsity. Ons gaan as studente die sportvelde betree en ons gaan wedywer om die kroon te verower — die gesogte rugbykroon. Ons wil graag die oorwinnaars wees; ons wil graag die eer ontvang. Ons hou van gesonde wedywering. Dit is goed om alles wat in jou sit in daardie laaste eindpoging te werp.

Die apostel Paulus dink ook so. Hy dink dit is goed om die wedloop te loop en die oorwinning te behaal. Dis nie verkeerd om te wen nie. Net al, as hy dink aan 'n wedstryd, dan dink hy daaraan in 'n ander sin as wat ons meesal doen. Hy dink in die eerste plek aan 'n geestelike wedstryd —'n wedstryd waarin alles ingespan word in 'n uiterste poging om die oorwinning te behaal.

Dit, geagte leser, is die wedstryd waaraan elkeen van ons ook deelneem—of ons nou wil of nie en of ons 'n sportman is of nie. In hierdie geestelike wedstryd kan ons nooit toeskouers wees nie. Hierdie wedstryd is teen die Satan. As jy nie aktief in die span **teen** satan speel nie, dan word jy noodwendig een van sy bondgenote. En satan en sy bondgenote stry teen God. Hulle veg teen die lig van die wêreld- teen Jesus Christus, die koning van die Kerk. Daar is net twee aanvoerders: Christus en Satan. As jy Christus nie volg en aanhang nie, dan speel jy self in satan se span.

Paulus sê hy het die goeie stryd gestry. Hy het saam met Christus teen Satan gestry. Hy het die wedloop voleindig. Hy was die oorwinnaar. Hy het die geloof behou.

As mens die geloof behou en saam met Christus Jesus die Here, die Vors van die Lig op die baan verskyn en saam met hom veg, dan kan jy onder geen omstandighede hierdie geestelike wedstryd verloor nie. In hierdie geestelike wedstryd is Christus en die syne altyd die oorwinnaars—Hy het die oorwinning aan die kruis behaal en bevestig en beseël deur Sy opstanding uit die dood.

Die kroon wat vir Paulus weggelê is, die kroon van geregtigheid, is die ewige lewe—'n onverwelklike kroon van ewige heerlikheid.

Dis egter nie alleen vir Paulus weggelê nie, maar vir almal wat die verskyning van ons Here Jesus liefgehad het—vir almal wat die geloof in Hom behou.

Gee my die krag en genade, Here, om die goeie stryd te stry, om die wedloop te voleindig, om die geloof te behou, en skenk my op die dag van die Here die onverwelklike kroon van geregtigheid.

I. C. J. Minnaar.

### DRAMA VAN ANDRÉ BRINK VIR PUBLIKASIE AANVAAR.

Na ons van mnr. André P. Brink verneem, het die Afrikaanse Pers Beperk sy eerstelingdrama vir publikasie aanvaar. Die vollengte-drama, „Die Band om ons Harte", speel af in die eerste dae na die aankoms van die Britse Setlaars aan die Kaap. Die tema van die stuk is die waarheid dat alleen deur samewerking van die Afrikaans- en Engelssprekende gedeeltes van ons volk, die toekoms verseker is.

Hiermee wens ons André van harte geluk en hoop dat dit maar die begin is van veel groter dinge.

### BEDANKING

Langs hierdie weg wens die S.R. sy dank oor te bring aan die volgende studente vir hulp verleen aan die publikasiekommissie met die byvoeg van intekenstrokies vir studentepublikasies in „Die Veteraan": (Mej.) M. Rautenbach, (Mej.) S. Roets, B. Spoelstra, (Mej.) M. Strydom, J. van der Schyff.

**REDAKSIE**

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Kooy; Aflos: Mej. L. Heslinga; Fotograaf: C. Harrington.

**ADMINISTRASIE**

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

## Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap stel geboue in gebruik.

Mnr. J. J. P. Op't Hof het op Saterdag, 11 Mei 1957, 'n gehoor van 192 mense en ses studente toegespreek by geleentheid van die ingebruikneming van die Administratiewe gebou en die sierlike Chemielaboratorium.

In sy verwelkomingswoord het die Rektor die geagte spreker aan die gehoor voorgestel as 'n man wat sy amp verdien. 'n Spesiale woord van verwelkoming is gerig aan die groot aantal donateurs wat aanwesig was, wat die Rektor ook in Engels bedank het. Spesiale melding is gemaak van die skenking van S.A.N.L.A.M. wat deur bemiddeling van mnr. S. du Toit gekry is en die helfte van die oprigtingskoste van die Administratiewe gebou beloop het.

Mnr Op't Hof het in 'n kort, pittige toespraak as administreerder en nie as akademikus nie, gewys op die agting wat daar vir die plaaslike Universiteit bestaan. Die kleiner omvang, vergeleke met ander Universiteite, is een van die oorsake vir die kwaliteit van sy werk. Die gevaar van 'n te vroeë spesialisasie (wat hier in mindere mate teenwoordig is) is dat 'n mens alhoemeer van minder weet en later dus alles van niks. Mnr. Op't Hof het veral klem gelê op die finansies en onder andere gesê dat die P.U. vir C.H.O., wat die kleinste skuldelas dra, op dié gebied die bewondering van andere wegdra. As voorbeeld van hoe die dosente hierin meewerk het hy die unieke voorbeeld van wyle Prof. F. Postma genoem wat geweier het om 'n salarisverhoging te aanvaar, omdat dit die ontwikkeling van die Universiteit sou strem. Ten slotte het spreker die vurige wens uitgespreek dat die studente met hierdie nuwe silwerlinge sal woeker tot eer van die grootste Bouer van alle tye.

Nadat die Rektor beide Mnr. Op't Hof en die argitek, Prof. Meiring, bedank het, is al die gaste eers na die Administratiewe gebou, waarna hulle voor die Kafeteria onthaal is. Later is ook geleentheid vir die besigtiging van die gebou gegee.

## Besoekers uit Nederland.

Vanaf die 16e Mei tot die 20e Junie sal die P.U. besoek word deur meneer Harry Brinkman, voorsitter van die „Nederlandsche Studentenraad", en Dr. Johan Fleerackers, voorsitter van die Vlaamse Studente-vereniging.

Mnr. Brinkman en dr. Fleerackers, wat 'n meriete-beurs van die regering verower het, onderneem 'n studiereis onder beskerming van die A.S.B. Die besoekers sal die Afrikaanse studentelewe ondersoek.

Die here tref dit om die Puk op so'n „warm" (intervarsity-) tyd te besoek. Deur middel van informele samesprekings met professore te reël, studenteraadsvergaderings en ander vergaderings by te woon behoort ook iets nuuts aan ons Hollandse kollegas gebied te word.

Die hele Puk wil die here aan die eenkant hartlik welkom heet, aan die ander kant moet alle Pukke soveel as moontlik met hul gesels—dan kan ons mekaar iets leer.

**Op Saterdag 18 Mei sal daar by die hokkieveld pannekoeke verkoop word. Dit sal die lekkerste en grootste pannekoeke wees wat nog ooit op die Puk gebak is deur ons eie dames ! ! !**

## Dawie Doep verwelkom Outjies

Hoe angstig wag die sportmanne van die PUK nie weer vanjaar op die koms van die Kovsies nie!

Vir weke lank het ons al die oefenbane tot stof getrap ten einde seker te maak dat die stryd om die louere vanjaar 'n nog taaier en meer doelgerigte een sal wees.

Ons sê juis doelgerig omdat ons vanjaar weereens net een ding voor oë het: om 'n barshou te speel soos ons Alma Mater van ons verwag.

Om te wen, o ja, dit is een van die maatstawwe waarvolgens die spel gemeet word en sekerlik ook 'n begeerlike kroon waarna ons streef. Boweal trag ons om ons spel so te speel dat dit vir ons en vir julle asook vir diegene wat ons met die hartsnare en die stembande ondersteun, 'n plesier sal wees. En dan die puntetelling — mag die beste man wen.

Met nog net 'n paar dae voordat julle jul gesigte kom wys, wens ons julle 'n seker welverdiende rus van sportoefeninge toe asook 'n aangename reis hierheen.

As julle hard en taai kan speel, kom dan gerus, want alleen dan sal ons mekeer as gelykes kan ontmoet.

Mooi loop en ook versigtig.

Dawie du Plessis.
(Voors. S.S.B.)

## Die KOVSIES is slaggereed ! !

Weereens het die groot gebeurtenis nl. die Intervarsity aangebreek. Ons as Kovsies sien baie daarna uit om die Pukkies weer 'n keer op hul eie bodem aan te durf. Ons wil geensins doekies omdraai dat ons vir die Pukke wil kom wys hoe om 'n Intervarsity te wen nie. Hier in ons geledere het die Intervarsity-gees reeds sterk posgevat en een en almal is entoesiasties en geeneen wil die Intervarsity misloop nie. Die rede hiervoor is die feit dat dit al klaar 'n uitgemaakte saak is oor wat die uitslag gaan wees.

Wanneer die Pukke hier lees, sal hulle natuurlik dink dat dit weer tradisionele grootpratery is, maar ons Kovsies wil julle net waarsku dat ons vanjaar gaan skoonskip maak van die Intervarsity, op die veld sowel as die pawiljoen. Daar bestaan geen twyfel omtrent die saak nie, want die gees is reg onder al die spelers en al die spanne is so sterk as wat hulle in geen jare was nie.

Daar is natuurlik die ou bekende staatmakers onder die deelnemers, maar daar is heelwat nuwe name ook. Ons wil die Pukke egter waarsku om nie hierdie nuwe name oor die hoof te sien nie.

Mag die Intervarsity in dieselfde goeie gees afgespeel word as in die verlede, en ons Kovsies is oortuig daarvan dat die jaar 1954 se tellings herhaal gaan word. Wanneer die KAT hierdie keer terug kom, dan is dit om die neerlae te wreek, die Pukke moedeloos te speel en vir goed te wys waartoe die Kovsies in staat is, en nogeens 'n oorwinning (en hoe vele is daar nie van hulle nie) op hulle kerfstok te plaas.

Sportredakteur, Irawa.

"DIENS AAN DIE GOUE WESTE DEUR FOTOGRAFIE"

**Beyers Claassen** B.Sc. (S.A.)
M.P.S.A. CERT. MY.
M.P.S.S.A. INST. P.
(U.S.A.)



KERKSTRAAT POTCHEFSTROOM

# „Oom Tampan Hulle het ons".

Op elke Pukkie se lippe is die vraag: „Maar hoe het hulle dit reggekry?" en telkens weer hoor 'n mens: „Dis die oorspronklikste waarvan ek nog gehoor het"!

Om die leier van die groep se woorde te gebruik: Dit was 'n kans van een uit 'n honderd. Nadat J.B., Amie, Buks en Willem in hul slaap oorval en die „ritueel van die skeermes" deurloop het, was hulle vasberade om nie sonder Tampan terug te keer nie. Op 'n baie oulike manier het hulle die Kovsies om die bos gelei sodat hulle twaalf uur voor die tyd vrygelaat is. Toe het die poppe begin dans.

Terwyl Tampan en sy „lyfwag" toeskouers was van 'n voetbalwedstryd teen Spoorweg, het sy vriend en gas, Hennie de Wet, hom oorreed om 'n gratis vliegtuigrit saam met Johan van der Walt te geniet. Selfs die lyfwag se agterdog het verdwyn toe hulle op die lughawe sien dat dit 'n plaaslike vliegtuig was. Saam met Tampan het 'n eerstejaar, Davis, ingeklim.

Johan se toneelspel as loods was onverbeterlik. Toe Tampan na 10 minute se ronddraai bokant Bloemfontein, wou teruggaan, was die loods se vraag of hulle al 'n mynhoop uit die lug gesien het, een te veel. Die vliegtuig se neus het Transvaal se kant toe gedraai en die mynhope van Welkom was weldra in sig. Toe die onrustigheid weer oplaai, het Johan dit laat verdwyn deur allerhande manewales, want hy moes solank moontlik in die lug bly ten einde die klomp kaalkoppe geleentheid te gee om van Bloemfontein af met die D.K.W. Welkom te bereik.

Op Welkom „was die brandstof gedaan" en moes hulle afduik op 'n vriend se huis wat hulle van brandstof kon voorsien.

Onderstussen is die Kovsies op Bloemfontein deur die owerhede op die lughawe op 'n dwaalspoor gebring en het hulle tevergeefs na Kimberley gejaag, terwyl J.B. se groep besig was om die afstand van 91 myl tussen Bloemfontein en Welkom in 85 minute af te jaag.

Die vliegtuig het al geland toe die rooi motortjie sy verskyning maak. Met 'n gevoel van magteloosheid het

(Vervolg kolom 3.)



Oom Tampan pas na sy aankoms besig om te vertel hoe gelukkig hy in Pukkieland voel.

RASIELEIER.

Dagsê Pukke! Weereens is ons in die stad, beroemd vir sy purgasiemiddelfabrieke en goed beplande „sewerage farm". Ons ruk op vir die slag van 1957 waaruit julle, soos die „Karkoerkloof Advertizer" voorspel het, sal uitkom soos 'n klomp geilsiek-ganse wat deur 'n hamermeule gegaan het —en dit is sag gestel.


Dagsê! Ook aan daardie totaal idiotiese, hansgrootgemaakte willewragtig, alias die dirigent! Glo ene Schalkie Buys. Geluk met die treffende indruk wat jy skep as die enigste boom op 'n hondeskou! Ek verstaan vis is goeie breinkos, en indien hy enigsins opgewasse wil wees moes hy die afgelope ses maande 'n walvis vir elke brekfis gehad het. Tenslotte, my hartlike dank aan julle plaaslike gevangenis vir die goedgunstiglike verlening van een dag se grasie aan hom. Ek verstaan hy dien daar 'n onbepaalde vonnis uit as gewoontemisdadiger in die smokkel van purgasiemiddels.

Pukke, al is die dolosse vanjaar teen julle, wend darem 'n poging aan; en. .


Laat ons intervarsity hou!

Alva de Klerk.

Rasieleier, U.O.V.S. 1957:



Alva de Klerk, Rasieleier.



Schalk Buys, Dirigent.

**Intervarsity-Uitslae!**

**'n Spesiale intervarsityuitgawe van „Die Wapad", verskyn op Saterdagaand om 7.30 nm. Onthou Pukke en Outjies, hou die ‚koerantboys' van „Die Wapad" dop!**

Tampan en Davis besef dat dit „hulle vriende van die vorige nag is en met 'n droë keel het die voormalige „sandsakslaner", Davis, gesê „Oom Tampan, hulle het ons"!

Van Welkom af het hulle gebel en is 'n boodskap in kodetaal aan Oom Tjaart afgelewer, waarop versterkings gestuur is om die groep hierheen te vervoer.

Tans is die taak om die twee dirigente weg te hou van die hongerige, wraakgierige hnde van die Kovsies, geweldig groot.

## Aandag, alle Kovsies.

Kom geniet 'n gratis vliegrit. Ek kry julle jammer dat julle met twee sulke gerasieleiers moet opgeskeep sit, want die een is 'n vlietuigmaniak en die ander een is 'n persgasiemaniak.

My vriend gerasieleier het heelwaarskynlik 'n „knock" in sy „tool-box" daarom is hy 'n rasieleier. Sy ou purgatiewe boodskappie openbaar vir my maar net die feit dat: „waar die kop van vol is, loop die mond van oor" So van kop gepraat, betreur ek die feit dat sy ore maar net daar is om te keer dat sy ruggraat nie uitrafel nie en dus sal hy Saterdag ook maar „toe" wees.

Hy is ook nie eers verwaand nie, want hy lê die beskeidenheid aan die dag om van goed te skryf waarvan hy niks weet nie. „Ou swaer, ek praat nou van die breinkos-besigheid." Hy is 'n mooi een om van brein te praat, as sy harsings dinamiet was, was dit nie eers genoeg om sy hoed van sy kop af te skiet nie.

Ek is bly my ou vriendjie weet wat in die „Karkoerkloof Advertizer" staan, maar ek is seker iemand moes hom vertel het wat daar staan, aangesien hy net die helfte van sy naam gebruik, sy volle naam is eintlik analvabeet.

My ou vriend Malva moet darem seker ook 'n soort verkiesing gewen het, anders sou hulle hom nooit Saterdag uit die dieretuin losgelaat het om die kovsies te kom verteenwoordig nie, en ek verstaan Kimberley is so 'n mooi plek al het hy geen onder-rasieleiers nie.

Welkom, Kovsies, ons gaan lekker Intervarsity hou en moet julle nie aan die dolosse steur nie ons speel voetbal, nie meer dolos nie.

Schalk Buys.

(Dirigent)

# Pukke sak uit die bloute op Kovsies neer.

## „TAMPAN" WORD VEILIG AFGELEWER.

Die Puk het vanjaar na agt jaar weer daarin geslaag om die Kovsies se „Rasieleier" te skaak. Terwyl daar op Bloemfontein alle moontlike veiligheidsmaatreëls getref is, het die Pukke 'n plan met 'n kans van 1 uit 100 gepraktiseer. Niemand sou 'n lugaanval verwag nie en ten spyte van praktiese moeilikhede en gevare het dit geslaag.

**GEES.**

Nadat daar veral onder die geledere van die ouer garde die mening was dat die studentegees op die Puk besig is om te kwyn, het 'n nuwe storie die rondte gedoen. Rondom die teekan, aan tafel, by die klas, in die biblioteek, net waar 'n mens kom, was die „wandelende gees" van die militêre kampkerkhof druk onder bespreking. Toe die „spoke" blyk niemand anders te wees as Aptekers nie, het 'n warm „borsel" en koue, middernagtelike „watervoor" gesorg dat die veelbesproke gees reg was vir Intervarsity.

**VOORBEREIDINGS.**

Die Puk het eerste bloed geruik toe twee Kovsies so vermetel was om na Kaptein Lou se voorbereidingstoespraak te kom luister—en dit as „buitemuurse Honneurs Ouhere". Die studentesaal het vir die twee 'n plek van onheil geword, want ten aanskoue van geesdriftige driftige Pukke moes hulle die sieraad van hulle hoofde—hulle hare—prysgee. Die aand by Sing-Songs was dit duidelik dat die Pukke „gees gevang het".

**EIE OFFENSIEF.**

Ondertussen was die planne van die Pukke agtermekaar. Ongemerk en sonder lawaai is 'n groepie onder J.B. (du Plessis) suidwaarts, later gevolg deur die „helde van die slag van Welkom". Saterdagaand moes oom Tjaart met bekommerde gesigsuitdrukking te kenne gee dat J.B. se groepie „teespoede opgetel het", want hulle het in die hande van die Filistyne geval.

**AGTERSTAND.**

Op hierdie stadium was die Puk agter met punte en des te meer vasberade om die Kovsies, wat dit hierheen sou waag, te skep. Teen Saterdagaand was nog vier „gaste" se pluime daarmee heen en moes Prof. Bosman die water van die Washuis-dam distilleer.

**VERRASSING.**

Hoewel die skynhof nie vir Schalk tot slagoffer gehad het nie, het dit Saterdagaand tydens die Volkspelesaamtrek van Kovsies gewemel op die Pukgronde. Al die skeptici het dan ook verwag dat de „Heer van Nederland" daardie nag elders sou slaap. Dat die Pukke byna mal geword het toe Tampan aan hulle voorgestel is, is lig te begryp.

**HOOGTEPUNT.**

As 'n mens so na die Pukkies kyk, dan hoef jy nie te vra of hulle „die Gees" het nie, dit straal uit elkeen se gesig. Almal skud die helde, Johan van der Walt en Hennie de Wet, se blad en probeer met moeite 'n glimlag onderdruk by die verskyning van die hoeddraende viermanskap, en almal is dit eens dat hierdie 'n hoogtepunt is in elke opsig.

Pukkies, terwyl ons hierdie oorwinning behaal het, laat ons dan saamstaan om ons Groot Vyftien op die veld aan te spoor tot die oorwinning. Alleen so kan die onmoontlike moontlik word.

# *Aandag Outjies - Julle Program.*

**Vrydag:**

1.15 nm. **Tennis** op P.U.-bane.
4.00 nm. **Jukskei** op P.U.-bane.

**Saterdag.**

6.00—6.30 vm. **Aankoms** Cachet Stasie.
8.00 vm. **Tafeltennis** in Studentesaal.
8.00 vm. 2e **Dameshokkie** P.U.-veld.
9.00 vm. **Stoei** in Studentesaal.
9.15 vm. 1e **Manshokkie** P.U.-veld.
10.30 vm. 1e **Dameshokkie** P.U.-veld.
11.45 vm. 2e **Manshokkie** P.U.-veld.
9.00 vm. 2e **Korfbal** P.U.-bane.
10.00 vm. 1e **Korfbal** P.U.-bane.
9.30 vm. **Rugby** o/19 B. A veld.
9.30 vm. **Rugby** Tekkies B-veld.
10.30 vm. **Rugby** Fires B-veld.
1.45 nm. **Rugby** o/19 A — Park-A.
2.45 nm. **Rugby** 2e span — Park-A.
3.45 nm. Tweedejaarsvoorstelling.
4.00 nm. **Theos** — **U.O.V.S. I** Park-A.

**Busse op Saterdag:**

1.00 nm. vir alle persone vanaf die Suidhek na Olëngronde.
Net na Rugby terug na P.U.-gronde.
7.00 nm.: 1 bus na die dorp.
1 bus na die Dinee.

**Etes gereël.**

ONTHOU OUTJIES: 'N SPESIALE INTERVARSITYUITGAWE VAN „DIE WAPAD" VERSKYN SATERDAGAAND OM 7.30 NM.! ! ! ! !

**J. P. van der WALT APTEEK**
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
**Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.**

**A. T. LUKE & KIE.**
APTEEK
ook
● GRAMMOFOONPLATE
Gewone- en Langspeelplate.

**JAY'S GARAGE**
(K. NODEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
● MASSEY-HARRIS TREKKERS
● PLAASGEREEDSKAP,
● PLANTERS en STROPERS,
● S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

**PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164


**J. TOD SUTTIE.**
Komplete
**Mansuitrusters**
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 177 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**
Von Wiellighstraat 46,
Foon 2025.
KRUIDENIERSWARE,
SIGARETTE en LEKKERS
RUDGE FIETSE en FIETS-ONDERDELE

**HAROLD'S**
AUTOMOBILE SERVICE STATION.
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
●
Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.

KOM SIEN ONS—
vir al u
● Fotografiese
en
● Aptekersbenodigdhede.
**GEEN & VELLEMAN**
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

# Die kapteins aan die woord.




Bussie Bothma, Theoskaptein.

### RUGBY

Pukke, dit is alweer vanjaar Intervarsity by ons, en dit gee ons daardie effense voordeel bokant die U.O.V.S. Ons verwag natuurlik alle Pukke vanjaar by die Park. Dit hang alles af van julle ondersteuning en ons rugbyspelers sal in 'n groot mate daardeur geïnspireer word.

Ons wil natuurlik die U.O.V.S. rugbyspelers baie hartlik welkom heet hier, en ek hoop dat die wedstryde in 'n baie goeie en lekker gees sal afgespeel word, soos ons beleid sal wees. Ek wil die U.O.V.S. eerste rugbyspan verseker dat daar harde bene gekou sal word, om die louere weg te dra, want die Theos is self van plan om hulle die loef af te steek.

Bussie Bothma.
Kaptein 1e span. (Theos)



Neels Smit, Kaptein, Eerste rugbyspan, U.O.V.S. „Die Kovsies sal verlore prestige herwin."

### KORFBAL: U.O.V.S.

Dit bly altyd baie moeilik om 'n ware vergelyk te tref tussen die Pukke en die Kovsies, aangesien julle Korfbal en ons netbal speel en daar dus nooit heeltemal op gelyke voet meegeding kan word nie. Ons kan julle dus nie die versekering gee dat ons julle gaan klop nie, maar wel dat ons julle op jul eie gebied harde bene gaan laat kou.

Ons wens die Pukke graag 'n baie aangename en „suksesvolle" intervarsity toe. Aan ons Alma Mater:

„Daar's vir ons net een ou Varsity en ons roem altyd sy naam!"

Orna Conradie.
(Kapteine.)

### DIE P.U.-KORFBALKLUB

Belofte maak skuld! U.O.V.S. ons gaan ons belofte nakom—ons gaan jul wys hoe word Korfbal hier op die Puk gespeel. Ons hoop dat julle van ons sal kan leer. Met 'n sterk span en 'n gesonde gees onderling sien ons kans om aanskoulike korfbal te speel—iets vir die oog.

En Pukke—ons moes verlede jaar verloor om vanjaar te kan wen. Ons korfbalspan sien kans vir enige span—wat nog te sê as dit Intervarsity-korfbal is.

Hiermee dan welkom, U.O.V.S., en sterkte ook vir Pukke: ons het 'n tradisie om te handhaaf!

Betsie Krüger.
(Kapteine.)



Betsie Krüger, korfbalkapteine.



Hilda du Toit, Hokkiekapt., U.O.V.S.

### DAMESHOKKIE: U.O.V.S.

Dit is alweer sulke tyd en hier kom die Kovsies met groot voornemens aan. Alhoewel ons span maar van die vroeë vrugte is is ons pit sterk. Ons weet dat die Pukke van plan is om tot ons pit deur te dring, maar Pukke, julle sal hoog moet mik.

Ons is vasberade om ons oorwinning van verlede jaar te herbekroon met 'n nog groter pak vanjaar. Hou moed Pukkies, die beste lê vir julle nog in die toekoms—wel nie vanjaar nie.

Ons sien uit na die kragmeting. Mag daar 'n suiwer gees heers en mag die beste span wen.

Hilda du Toit.
(Hokkiekapteine.)

### DAMESHOKKIE: P.U.

Dit sou verkeerd van ons wees om groot te praat en vir die Kovsies te sê hulle het nie 'n kans teen ons nie Daardeur sou ons hulle net op hulle hoede plaas. Aan die anderkant sou dit eweëens onregverdig wees om ons té gering te wil voordoen. Dit sal hulle net weer op hulle gemak stel. Al wat ons dus sê is: ons sien uit na die kragmeting, want ons is Pukke, ons is opgesweep, ons is vasberade, en daarby is ons nog hokkiespeelsters ook. Ons gaan ook nie weer toelaat dat daar teen die einde van die wedstryd, 'n bal so ewe sagkens van die opponente se kant in die doel inrol nie. Ons taak gaan wees om die Kovsies se doelwagter knaend aktief te hou!

Bennie Kruger.

### TENNIS IS REG: P.U.

Dit is met angstige harte dat ons raketswaaiers hier op Potchefstroom uitsien na die koms van die Bloemfonteiners.

As hulle enigsins die bordjies van verlede jaar wil verhang, sal hulle vanjaar die balle hard en sekuur moet slaan.

Eerskomende Vrydag sal dit dan weer beslis swaar gaan op die bane. Laat niemand egter die knie buig sonder 'n laaste kragsinspanning nie.

Mag ook die gees van ons tennisspelers werklik aangenaam wees, die wedstryde taai en die stryd moedig.

Kom speel dan lekker, maar pasop: as die mond mooi praat, slaan die arm hard.

Dawie du Plessis.
(Tenniskaptein.)

### JUKSKEI:

Outjies, as julle kan houtslaan soos ons kan houtslaan, dan gaan ons sommer lekker houtslaan. Ek is net bevrees, dat julle Kappie na ons met julle klaar is, aan sy strydosse sal sê: „Hou moed seuns, na nog 'n paar jaar ondervinding en oefening, sal ons ook soos die ooms kan speel."

Wie ookal wen, laat ons die spel speel in die gees eie aan die lekker ou houtgame, en mag die beste span wen.

Lekker Intervarsity Outjies.

Thos Liebenberg.
(Jukskeikaptein.)

### BELANGRIKE AANKONDIGING VIR WES-TRANSVALERS.

Die volgende brief is van die Greyhound Bus Lines ontvang. Die S.R. sal dit waardeer as persone wat van die aanbod gebruik wil maak, hul name so gou moontlik by die S.R.-kantoor sal kom inlewer.

Dear Sir,

Will you kindly notify all scolars and students attending your school or College, who come from either of these following mentioned towns:—

Zeerust, Mafeking, Lichtenburg, Coligny, Sannieshof, Delareyville and Venterdorp that the Greyhound Bus Line Co. has consented to provide a bus from Potchefstroom to Lichtenburg—at the end and beginning of all school terms and long weekends.

We hope that parents will all support this bus, as it depends on passengers whether the company will keep the bus on this line.

They are willing to start their first run on the 29th May 1957 calling at all schools and villages.

Scales of fees will be provided later.

Will you please contact Greyhound Bus Lines, Potchefstroom and provide them with the number of your pupils, who will make use of this service.

# THEOS NEEM WRAAK

## NAVY WEN LEWENDIGE WEDSTRYD

Theos het verlede Saterdag wraakgeneem toe hulle Gold Fields West 'n pak slae van 14—16 toegedien het. As daar nog net so hier en daar 'n growwe plekkie reggeskaaf word, behoort U.O.V.S. Saterdag les op te sê.

Ons voorspelers het 'n hegte eenheid gevorm en het hulle net nie laat oorweldig deur Gold Fields se meer ervare agttal nie. Die uitblinkervoorspeler was ongetwyfeld **Roscher,** 'n baie woelige flank wat Pieters goed dopgehou het. **Piet Steinberg** het weereens die oog gevang, maar mens wonder of hy nie vir Theos meer gaan beteken as losvoorspeler nie. Die kaptein, **Bussie Bothma,** het 'n bars gespeel.

Die agterlyn het ook stukke beter gevaar met **Jan van der Schyff** weer terug in hulle geledere. Die skakelpaar, **Kerrie Kruger** en **Hennie van der Walt,** het ook baie beter gekombineer. **Hings Erasmus** het weer 'n foutlose spel op heelagter gelewer en veral uitgeblink ten opsigte van sy verdediging.

Theos se punte is aangeteken deur Steinberg en Van der Schyff (een drie elk) en Toy Dannhauser (Twee strafskoppe en 'n vervyfskop).

(Vervolg in kolom 3.)


# Cassawali se gaatjies raai-raai

**Reëls vir deelname:**

1. Vul onderstaande vorm in—sit dit in 'n koevert.
2. Gooi 'n sikspens (vir inskrywingsgeld) in die koevert.
3. Pos die koevert + die sikspens in Wapad se posbus (no. 113) voor of op Donderdag 23 Mei.
4. N.B.—Pryse van 15/-, 7/6, en 5/- word toegeken aan die eerste 3 agtereenvolgende korrekte antwoorde wat oopgemaak word!

Naam ..............................................

Adres ..............................................




Vrae:

Dwars:

1. Tant Poppie is die mees ............... ma op die Puk.
6. Iets wat gedoen word aan die ligte nadat dit reeds op 'n ander manier gedoen is.
7. In een opsig laat dink die dore aan neergetrekte wild. Omdat die ouhere soos ............... dadelik by is.
8. Eerstejaar waar kry jy daardie hoed? Door waar kry jy daardie ...............?
10. Wat soek slepers die meeste op vanaf **stiptelik** 6.45 nm. tot 7.30 nm.

Af:

1. Katte en tokkelokke het dit, lg. om belangrik te lyk.
2. Wat is die verskil tussen pampoen en kosmos? Kosmos is kosmos maar pampoen is ............... ?
3. Die skakers ............... die geskaakdes om 'n gratis haarsny te ondergaan.
4. Ons het aan hulle geglo toe ons nog klein was (letters omgeruil).
5. Iemand met 'n lyfwag.
9. Wat doen 'n student om: 'n rol te kry, 'n meisie te kry, voor hy gaan sit of opstaan aan tafel.
11. Waarin spesialiseer die dekaan v.d. fakulteit houtsnykunde (oom Bosman).
12. Dit is 'n kledingstuk en maak ook deel uit van die naam van 'n dans.

# DAMESHOKKIE

## DORP (B) MET KOUS OOR DIE KOP HUIS TOE.

Die B-span van dorp het Saterdag lekker op die baadjie gekry toe die PUK se eerstespan 4 doele teenoor hulle 0 behaal het.

,Hoewel Bennie en Marlene in die eerste helfte twee doele aangeteken het, het daar nie juis veel aangegaan nie. Gedurende die tweede helfte het die Pukkies egter op en woes geraak, en Bennie en Elize het nog twee doele aangeteken. Teen die einde van die wedstryd het daar so 'n opflikkering in die geledere van die dorpspan gekom, maar danksy die vernuf van die Pukke en die eindfluitjie, moes hulle skaam-skaam die veld verlaat.

**Tweede span:**

Gedurende die eerste helfte van die wedstryd teen Dorp(A), het die Benoudes so mooi gekeer dat hulle met rukke die Dorpspan lelik benoud gehad het. Toe Potch se balle egter in die doel begin klap, het die Pukkies se moed verdwyn, sodat die Benoudes teen die einde van die wedstryd erg benoud was. Soos hieruit afgelei kan word, het Potch, (A) die oorwinning behaal.

NAVY.

Navy het 'n mooi wedstryd beklink met 'n oorwinning van 3—0. Die enigste punte is aangeteken deur Hoogenboezem met 'n drie. Die uitblinkers was Nic Viljoen (heelagter), Van der Westhuizen (losskakel), Maarten van der Walt (slot), wat hoog gerank het in die lynstane, en Amie van Wyk (flank).

FIRES.

Fires was so besig om Schalk op te pas tydens die wedstryd, dat hulle die aftog moes blaas met die telling 15—3 in Gold Fields se guns.

KORFBALUITSLAE WISSELVALLIG.

Die korfbal het op 'n hoë noot afgesit toe hulle op 1 Mei die Volkskoolspan met 61—44 geklop het. Die tweede span het egter 27—24 verloor.

Op die agste Mei het die Pukkies 'n gedugte neerlaag gely toe die Pote hulle 53—31 getrap het, en die tweede span 44—18. Die derde en vierde spanne het hulle lot gedeel.

Teen Dorp het dit egter gelyk of die Puk se eerste span hulle regruk toe hulle gelykop gespeel het. Die tweede span het helaas weer verloor.

In die volgende wedstryd wat teen Gimmies gespeel is, het die eerste span gladnie verslap nie. In 'n puik wedstryd het hulle die Gimmies 49—23 verslaan. Die tweede span het uiteindelik gewys wat gedoen kon word en het 'n oorwinning behaal met die telling 27—16.


DIE BULT SKAATSBAAN

„PUKKE ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING"

Oop vanaf 7.30 in die aand

WESTVAAL

Studente !!!

VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK STUUR NA

WESTVAAL

J. HEIDEMA

Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)

Vir FIETSE.

Vir ZÜNDAPP Motorfietse.

Zündapp model KS 601 £348

Zündapp model 200S £183/2/6

Zündapp Combinette £81/10/-

Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

OOSTHUIZEN

Kole-agentskap.

Kerkstraat 104—Telefoon 312

POTCHEFSTROOM.

NOORDBRUG

Kontantwinkel

(Eienaar: A G. Botha).

LANGS N.-POSKANTOOR

Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes, Lekkers, Sigarette en Toiletware

ARCADIA

Dames- en Mans-

HAARKAPPERS

VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS

„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons leuse.

Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere

TURKSTRA BAKKERY

(Edms.) Bpk.

Kerkstraat 61.

RAADPLEEG ONS VIR . . .

● BROOD

en

● ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . .


Enslins Drukkery, Potgieterstraat 31, Potchefstroom